
# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Julie 2024**

*'n Jaar van Geleenthede*



# Gideons

### Jacques Kotze

Gideons Lichtenburg, met die hulp van Piet en Sannie Agenbag, Petrus Mere en Lukas Lebalelo het 'n baie geseënde plasing te Venda meegemaak. Ons 2 x spanne het 28 skole besoek en 3174 Bybels in Gr8 leerders se hande geplaas. Ons glo en bid dat die Heilige Gees die saad sal laat groei sodat elke leerder sy hart vir die Here sal gee. Daar was altesaam 33 000 Bybels in die Venda (Louis Trichardt & Thoyandou) omgewing geplaas die 3 dae en daar was Gideons en Vriende van regoor Suid Afrika wat kom help het. Ek skat daar was 15 Spanne en tussen 30 - 40 Gideons betrokke by die plasing.




# Makhua Bybelbediening

### Dr Gerard Olivier



Ons broers, Domingos en Jeremias is pas terug in Muapula vanaf Xai-Xai, waar hulle verder gelees het aan die klankopnames van die Ou Testament in Makhua.
Die volledige Makhua Bybel is reeds op *YouVersion* in skriftelike formaat beskikbaar. Bid asseblief vir die opneem van die klankopnames wat 'n lang, tydsame en moeisame taak is.
Bid ook vir die Bybelopleiding van Bybelstudente, en die studente se toepassing in hul onderskeie gemeenskappe van dit wat hul reeds in die kursus geleer het.

---

# Turkye

### Aretha Prinsloo

Ek is betrokke by die Turkse Vennootskap van Suid-Afrika, die bediening wat spesifiek gerig is op die ondersteuning, opbou en dien van die Kerk in Turkye. So is 'n span van SA, onder leiding van Ds Francois Botha, tans in Turkye waar hulle die gelowiges, veral in die aardbewing (2023) gebied, dien en ondersteun.



Nuus van die span uit Turkye:
*Vrede vir julle*
*Daar is n verwagting dat die Heer ons dieper sal intrek in Sy raad en dat Hy Sy weë sal bekend-maak. Ons bereik nou 'n fase van ons reis wat die interaksie met die mense van al meer innige aard sal wees - ons vertrou vir groot sensitiwiteit in die Gees om te onderskei en te seën.*
*Vrede!*
*Francois Botha.*

# *Van Klippiekerk na Kinderbediening*

***Jeanette van der Merwe neé Pieters***

Ek, Jeanette, het in die Klipkerk groot geword en het my ma met die Klippiekerk gehelp.

Ongeveer vier jaar gelede, net nadat ek en my gesin besluit het om die groot trek na Nieu-Seeland aan te pak, het ek deur persoonlik ervaring by ’n *“inner-healing ministry”* betrokke geraak. Ek was stomgeslaan oor die sagte mooi werk wat gebeur as die Heilige Gees en Jesus in jou trauma en seer inkom en jou kom genees van al die seer. Kort daarna het ek en die direkteur van *Christian Renewal Association - Restore Wholeness* gepraat en sy het haar hart gedeel om ’n Kinderbediening te begin. Die volgende 2-3 jaar het ek en twee dames van Amerika begin bid en die Kinderbediening program geskryf.

In Junie 2024 was ons gereed om die program in Tanzanië aan te bied. So is ’n span van vier, 3 persone uit Amerika en ’n Suid-Afrikaanse kiwi na ’n kerk in Singida, Tanzanië. En watter wonderlike werk het Jesus gedoen!

Soos te wagte was almal die eerste dag bietjie senuweeagtig, nietemin ons het ongeveer 40 kinders gehad wat daardie dag hulle harte vir die Here gegee het.

Op die tweede dag is die groot deel van die dag gewy om die leuens wat Satan ons vertel, en wat die kinders se lewens steel, uit te wys en om te bevestig wie hulle in Christus is. Van die jongste wat 3 jaar oud is, tot die oudste kind, het daar weggestap met die begin van ’n nuwe gevormde identiteit in Jesus.

Die laaste dag van die program het ons die kinders met hul trauma en seer na ons groot Geneesheer gebring. Ons het die Heilige Gees vertrou om die genesingswerk in die kinderharte te doen, en Hy het oorgeneem.





*Gedurende een van die sessies*

In die sessie vat Jesus ons na ’n plek waar daar pyn in ons lewe was en Hy wys ons waar Hy in daardie situasie was en genees emosionele wonde.

In die sessie was 100+ kinders vir amper ’n uur in Jesus se teenwoordigheid, waar Hy gesond gemaak het wat seer was en heelgemaak het wat stukkend was. Mens kon sien hoe die Heilige Gees werk en hoe kinders genesing ontvang.

*“God washed me clean, I am freed.”*



In September het ons ’n span wat teruggaan na Tanzanië om die program by ’n kerkkamp te gaan aanbied vir 5000 kinders.

Ons beplan om die program ook in Nieu-Seeland te loods gedurende die Oktober vakansie. Ons bid vir oop deure en geleenthede want ons glo daar is so baie wat God wil doen.

Bid asb vir oop deure in die regte lande en geskikte persone om die opleiding van die program te doen, leierskap te aanvaar en die bediening verder te vat.

*Sing tot eer van die Here, prys sy Naam,*
*verkondig elke dag sy reddingsdade!*
*Vertel die nasies van sy mag,*
*al die volke van sy magtige dade.*

*Ps 96:2,3*